higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GEMEENSKAPSGEORIËNTEERDE PRIMÊRE SORG
NKR VLAK 2

(9010102)

12 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NC(V)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die studie van die verspreiding en determinante van gesondheidsverwante toestande of gebeurtenisse en die aanwending van hierdie studie om die siekte en ander gesondheidsprobleme te beheer, staan as … bekend.

A endemies
B epidemiologie
C antropologie
D gelykheid

1.1.2 Die eerste beginsel van GOPS ('COPC') is as … bekend.

A plaaslike gesondheid en institusionele analise
B omvattende sorg
C gelykheid
D praktyk met wetenskap

1.1.3 Die vierde beginsel van GOPS is as … bekend.

A plaaslike gesondheid en institusionele analise
B omvattende sorg
C gelykheid
D praktyk met wetenskap

1.1.4 Die beginsel van gelykheid se komponente sluit … in.

A xenofobie
B primêre, sekondêre en tersiêre
C toeganklik, toepaslik, bekostigbaar en relevant.
D aanspreeklik, toepaslik, bekostigbaar en realiteit

1.1.5 Persoongesentreerde gesondheidsorg, persone en praktisyns in vennootskap en voortsetting van versorging, is komponente van die …-beginsel.

A plaaslike gesondheid en institusionele analise
B omvattende sorg
C gelykheid
D diensintegrasie betreffende gebruikers

1.1.6 Die tipes voorkoming sluit … in.

A primêre, sekondêre en tersiêre
B behou, herstel en skep
C waardes, geregtigheid en menseregte
D waardes en feite

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Toeganklikheid in gesondheidsorg is op … gelykheid gebaseer.

A primêre en sekondêre
B horisontale en vertikale
C eerste en tweede
D begin- en einde-

1.1.8 Praktyk met wetenskap sluit … as 'n komponent in.

A persoongesentreerde gesondheidsorg
B kontinuïteit van versorging
C wetenskaplik ingelig
D versagting ('palliation')

1.1.9 Die afkorting 'DOTS' verwys na …

A 'n modeverklaring rakende gesondheidsorguniforms.
B 'Directly Observed Treatment Short Course'.
C 'Direct Transmission STIs'.
D 'Directly Observed Training on STIs'

1.1.10 Die drie ernstige tipes TB in terme van geneesmiddelweerstand (van minste tot ernstigste) is…

A MDR-TB, XDR-TB and TDR-TB.
B XDR-TB, TDR-TB and MDR-TB.
C TDR-TB, MDR-TB and XDR-TB.
D MDR-TB, TDR-TB and XDR-TB.

(10 × 1) (10)

1.2 Verduidelik die term *gemeenskapsgeoriënteerde primêre gesondheidsorg.* (5)

1.3 Noem die VYF komponente van omvattende sorg. (5)

1.4 Gee EEN voorbeeld hoe die verskillende komponente van omvattende sorg wat in VRAAG 1.3 genoem is, met betrekking tot persone met chroniese siektes, gebruik kan word.

Gebruik die volgende onderwerpe vir elke komponent:

1.4.1 Komponent 1: TB

1.4.2 Komponent 2: Diabetes

1.4.3 Komponent 3: MIV/VIGS

1.4.4 Komponent 4: Hipertensie/Beroertepasiënte

1.4.5 Komponent 5: Kankerpasiënte

(5 × 2) (10)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Sosiale ruimte word gebruik om kategorieë, hiërargieë, ervarings en verskille, te skep, te beskryf en te vergelyk.

2.1.2 Wanneer 'n kind as eersgeborene beskryf word, staan dit as duidelike fisiese plekbepaling bekend.

2.1.3 Post-natale versorging word aan die moeder tydens swangerskap gegee.

2.1.4 'PMTCT' verwys na die voorkoming van moeder-na-kind-oordrag in terms van MIV.

2.1.5 'n Genogram is 'n diagram wat die struktuur van families oor tyd toon.

(5 × 1) (5)

2.2 Definieer die volgende terme:

2.2.1 Fisiese tyd

2.2.2 Biologiese tyd

2.2.3 Psigologiese tyd

2.2.4 Sosiologiese tyd

2.2.5 Fisiese ruimte

(5 × 2) (10)

2.3 Noem VYF rolle van die gesin in die samelewing. (5)

2.4 Verduidelik die belangrikheid van tyd in GOPS in terme van dienslewering aan vrouens en kinders tydens en na swangerskap. (5)

2.5 Bespreek hoe ruimte en plek 'n persoon se gesondheid kan beïnvloed en dus van belang tot GOPS is. (5)

[30]

NCV

VRAAG 3

3.1 Definieer die volgende begrippe:

3.1.1 Chronologiese ouderdom

3.1.2 Gestremdheid

3.1.3 Oorsprong

3.1.4 Geslag

3.1.5 Absolute armoede

(5 × 2) (10)

3.2 Verduidelik hoe chronologiese ouderdom 'n rol in die volgende aspekte van die gemeenskap speel:

3.2.1 Onderwys

3.2.2 Indiensneming

3.2.3 Gesondheidsorg

(3 × 2) (6)

3.3 Noem die VIER elemente van sosiale klas. (4)

3.4 Familie word gesien as die sogenaamde konteks van individuele gesondheid en speel 'n rol in GOPS.

Bespreek hierdie stelling deur te verwys na hoe die familie 'n rol in individuele gesondheid in terme van voeding, oefening, seksualiteit, versorging en persoonlike higiëne kan speel. (5 × 2) (10)

[30]

NCM

VRAAG 4

4.1 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

antropoloë; oorsprong; ras; etnisiteit; kultuur; nasionaliteit; afkoms; gelykheid; sekelsel-anemie; xenofobie; ukuthwala

4.1.1 … het drie dimensies, dit is fisiese eienskappe, dink volgens sekere oortuigings/volksteorie en om as sosiale instelling geskep te wees.

4.1.2 … word gebruik om mense, veral in politieke omgewings, te kategoriseer.

4.1.3 Die idee van etnisiteit vra vir begrippe van … en identiteit.

4.1.4 Wanneer daar na familie en ouerskap verwys word, word daar na … verwys.

4.1.5 … verwys na state wat burgerskap bepaal.

4.1.6 … verwys na diskriminerende gedrag teenoor ander kulture, veral vreemdelinge.

4.1.7 … is 'n ongewone, maar algemene manier om oor 'n gewonereg-huwelik te onderhandel.

4.1.8 … is 'n siekte wat meestal persone van Afrika-afkoms, maar ook Midde-Oosterse of Mediterreense afkoms, affekteer.

4.1.9 Die beginsel van … beteken om teen enige vorm van diskriminasie weens ras, oorsprong of etniese faktore te gaan.

4.1.10 Die konsepte van ras kom van pogings wat deur … is om mense te klassifiseer.

(10 × 1) (10)

4.2 Noem VYF moontlike uitdagings om te verseker dat gelykheid met betrekking tot ras, oorsprong en etnisiteit, geïmplementeer kan word. (5)

Kopiereg voorbehou

4.3 Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae.

MEER AS 2,8 MILJOEN MENSE IN SA LEEF MET 'N GESTREMDHEID

SUID-AFRIKA Dinsdag 9 September 2014 - 15:15

Medewerkers: Bianca Ackroyd

JOHANNESBURG – In Suid-Afrika, leef 7,5 persent van die bevolking (2 870 130 persone) met een of ander vorm van gestremdheid.

Dit is volgens 'n Sensus 2011-verslag, genaamd 'Profiel van persone met gestremdhede in Suid-Afrika'. Die verslag is Dinsdagoggend deur Statistiek Suid-Afrika vrygestel. Die syfer wat aangehaal word is 'n toename van die 2% persone wat met gestremdheid leef wat in 2001 gerapporteer is. Daar is voorgestel dat die toename in getalle te wyte was aan 'n verandering in evaluasiemetodologie, wat nou 'n proses van gestremde persone wat hul afwykings in die sensus rapporteer, inkorporeer.

'Die metingstelsel is op selfverklaring gebaseer. 'n Verskillende stel vrae word in die Sensus gevra en dit gee aan ons 'n verskillende proses van meting', het Statistikus-generaal Pali Lehola gesê. In die 2011 Senses is persone gevra of hulle matige of ernstige probleme in die ses funksionele areas van sig, gehoor, kommunikasie, loop, geheue en selfversorging, ervaar.

Die evaluasiemetode is op 'n internasionale standaard wat deur die Washington Group on Disability Statistics and the United Nations Statistical Commission, aanvaar. Disabled People of South Africa (DPSA) betwis egter die syfers wat deur Stats SA vrygestel is. 'Dit is 'n totale fabrisering van statistiek, aangesien dit nie na gestremdheid as 'n sosiale aangeleentheid kyk nie,' het Olwethu Siphuka, nasionale segspersoon vir DPSA, Dinsdag aan eNCA.com gesê. 'Met hierdie mediese model verklaar mense nie altyd hul gestremdhede nie,' het Siphuka gesê.

Volgens DPSA, is die voorkoms van gestremdheid, bykans dubbeld die hoeveelheid (14%) in vergelyking met die Stats SA-syfer van 7,5% het hy gesê. Siphuka het verduidelik hoe hierdie moontlike misrekening verwoestend kan wees. 'Slegs 50% van persone wat met gestremdheid leef, sal deur die nasionale begroting gedek wees'. Die DPSA se evaluasiemetode oor die voorkoms van gestremdheid is om na hul eie lidmaatskapsyfers, asook hul deur-tot-deur-ondersteuningspogings te kyk. 'Die instrument is nie wetenskaplik nie, ons voer nie toetse op mense uit nie, dit hang alles van selfverklaring af', het Lehola gesê.

Die Vrystaat en die Noord-Kaap het die hoogste verhoging van persone wat met gestremdheid leef (11%) gevolg deur Noordwes. Die Wes-Kaap en Gauteng het die laagste persentasie van persone wat met gestremdheid leef (5%). Beide Lehola en Siphuka stem saam dat die oorsaak daarvan is dat persone ongeskik raak na hul in myne gewerk het. 'Persone uit myngemeenskappe kom gestremd terug en dit is direk verwant aan vlakke van armoede', het Siphuka gesê.

Slegs 5,1% van gestremde persone verwerf hoër onderwys, wat beteken dat 94% persone in die stelsel verlore raak. Dit verteenwoordig die belangrikste uitdaging wat gestremde persone in Suid-Afrika in die gesig staar, naamlik onderwys, gevolg deur indiensname en gesondheid, het Siphuka gesê. Om nie oor 'n tersiêre onderwys te beskik nie, verminder die kanse van gestremde persone om die sakewêreld te betree. 'Persone wat gestremd is, wil nie net op toelaes leef nie. Hul wil gaan werk en hul gesinne ondersteun,' het Siphuka gesê.

[Aangepas uit: eNCA - *http://www.enca.com/self-declaration-key-accurate-disability-figures*, accessed 3 June 2017]

4.3.1 Die artikel verwys na statistieke van Suid-Afrika en die voorkoms van gestremdheid.

Op watter GOPS-beginsel is dit van toepassing? (1)

4.3.2 Verduidelik hoe hierdie beginsel 'n invloed op gestremdheid en vermoë kan hê. (2 × 2) (4)

4.3.3 Die artikel verwys na die mediese model van gestremdheid.

Noem die ander model van gestremdheid. (1)

4.3.4 Verduidelik kortliks die model van gestremdheid genoem in VRAAG 4.3.3. (3)

4.3.5 'Om nie oor 'n tersiêre onderwys te beskik nie, verminder die kanse van gestremde persone om die sakewêreld te betree.'

Bespreek hoe gestremdheid en vermoë 'n invloed op die gemeenskap het deur na elk van die volgende aspekte te verwys:

A Onderwys

B Indiensneming

C Welsyn

(3 × 2) (6)

[30]

NCV

VRAAG 5

5.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Polyginie	A	'n volwassene met kinders wat met 'n ander volwassene met of sonder kinders trou
5.1.2	Families waar generasies oorgeslaan is	B	Volwassenes van dieselfde geslag trou
5.1.3	Natale familie	C	huwelik tussen twee volwassenes
5.1.4	Gemengde familie	D	'n man is met meer as een vrou op dieselfde tyd getroud
5.1.5	Monogamie	E	grootouers is ouers vir kleinkinders
		F	ook as jou geboortefamilie bekend

(5 × 1) (5)

5.2 Noem VYF bydraes (waardes) wat inligting oor sosio-ekonomiese status in die gemeenskap op GOPS kan hê. (5)

5.3 Noem VYF lewensfases wat die gemiddelde persoon in hul lewe sal ervaar. (5)

5.4 Vergelyk die geslagsverskille tussen mans en vroue ten opsigte van reproduktiewe gesondheid tydens puberteit en volwassenheid (details oor menopouse uitgesluit). Kopieer en voltooi die onderstaande tabel in die ANTWOORDBOEK.

MANLIK	VROULIK
1.	1.
2.	2.
3.	3.
4.	4.
5.	5.

(5 × 2) (10)

5.5 Bespreek hoe sosiale klas individuele en gesinsgesondheid met betrekking tot voeding kan beïnvloed. Jy kan ook na wanvoeding en obesiteit verwys.

(5 × 1) (5)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou